**Ek is die ware druiwestok(OP240)**

**Joh 15:1-8**

**30 November 2025**

Ons is steeds besig om die bovertrekgesprek te bestudeer. Laasweek het ons geleer dat die Heilige Gees sou kom. Een van die rolle van die Heilige Gees sou wees om die dissipels aan die woorde van die Here Jesus te herinner en hulle daarin te onderrig. Dit was baie nodig – enersyds omdat die dissipels op daardie stadium so min verstaan het van die betekenis van die gebeure aangaande die Here Jesus, en andersyds omdat die dissipels later die fondament van die Nuwe Testamentiese kerk sou word, en ook omdat van hulle dele van die Nuwe Testament sou skryf. Die Here Jesus het die dissipels ook bemoedig deur aan hulle Sy vrede te beloof. Hulle moes leer om vrede te hê met God se plan en hoe Hy dit uitvoer, selfs al sou dit van tyd tot tyd beteken dat hulle ook sou moes ly. Maar veral moes hulle bemoedig word deur die feit dat die Here Jesus vir hulle vrede met God sou bewerk oor die loop van die volgende paar dae. Hierdie vrede is ‘n ewige vrede. Die Here Jesus het ook aan hulle gewys hoe hulle gebrekkige verstaan van die Here God se werk veroorsaak het dat hulle in hulle onkunde teen die wil van die Here opgetree het: I.p.v. dat hulle ontsteld was omdat die Here Jesus sou weggaan, moes hulle bly gewees het – immers sou Hy na Sy Vader gaan in heerlikheid. Begrip van die Here se plan is noodsaaklik om sinvolle medewerkers te wees in die uitvoer van Sy plan.

Vandag wil ek begin om te kyk na die gedeelte wat handel oor die feit dat die Here Jesus die ware druiwestok is. Ek wil vandag aan die volgende vier punte aandag gee: (1) Die Here Jesus se uitspraak: “Ek is die egte druiwestok” (Joh 15:1), (2) Die doel met die druiwestok (Joh 15:8), (3) Die rolspelers in die beeld van die druiwestok (Joh 15:1-2), en (4) Hoe die doel met die druiwestok bereik gaan word (Joh 15:2-7).

<u>Die Here Jesus se uitspraak: “Ek is die egte druiwestok” (Joh 15:1)</u>

Lees Joh 15:1. In hierdie vers het ons die sewende, en laaste, “Ek is”-uitspraak van die Here Jesus. Ek herinner jou aan die vorige ses uitsprake wat ons al in die Johannes-evangelie teëgekom het:

- Ek is die brood van die lewe (Joh 6:35, 41, 48,51)
- Ek is die lig vir die wêreld (Joh 8:12, 9:5)
- Ek is die deur vir die skape (Joh 10:7, 9)
- Ek is die goeie Herder (Joh 10:11, 14)
- Ek is die opstanding en die lewe (Joh 11:25)
- Ek is die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6)

En nou die sewende: “Ek is die ware (egte) druiwestok en My Vader is die landbouer.” Ek glo dit is duidelik: Die Here Jesus gebruik die beeld van ‘n druiwestok om Sy dissipels verder te leer. Maar let daarop: Die Here Jesus sê Hy is die <u>ware (egte)</u> druiwestok. Die vraag is: Wat bedoel die Here Jesus met die woord “ware”? Daar moes dus ook ‘n ander druiwestok wees. Dink byvoorbeeld aan die Here Jesus wat ook die ware brood is – ons het gesien dit beteken Hy is die brood wat werklik lewe kan gee. Die manna in die Ou Testament was ‘n tipe wat vooruit na Hom gewys het. Die manna was die tipe, die Here Jesus is die antitipe – Hy is die ware brood. Of dink aan: die Here Jesus is die ware tempel – die Ou Testamentiese tabernakel en tempel was ‘n tipe wat vooruit na Hom gewys het. Ons vind dieselfde met die druiwestok. Kom ons kyk na drie Ou Testamentiese gedeeltes wat ons help om te verstaan wat die Ou Testamentiese tipe was, waarvan die Here Jesus nou die antitipe is as die ware druiwestok:

- Jes 5:1-4 – Die Here is aan die woord. Die Geliefde van die Here het ‘n wingerd gehad. Die Geliefde van die Here het hierdie wingerd bewerk. Omdat die Geliefde so hard gewerk het aan die wingerd, was die verwagting dat die wingerd druiwe sou dra, maar die verwagting het nie gerealiseer nie – die wingerd het wilde druiwe opgelewer (v4). Lees nou vers 7. Uit hierdie vers is dit duidelik: Die wingerd is die huis van Israel en Juda – dit was dus die Ou Testamentiese Joodse volk. Maar hulle het teleur gestel omdat hulle nie die verwagte vrugte opgelewer het nie.
- Eseg 17:7-10 – Weereens lees ons hier van ‘n wynstok. Weereens was die verwagting van die Here dat hierdie wynstok ‘n edel wynstok sou word (v 8) – maar dit het nie gerealiseer nie. Daarom kom daar dus ‘n arend wat die wingerdstok verniel. Lees nou verse 11-12. Uit hierdie verse is dit duidelik dat die wingerdstok die rebelse huis van Israel is, en die arend is die koning van Babel wat gaan kom en hulle in ballingskap neem.
- Ps 80:9-12 – Duidelik beskryf hierdie verse die volk Israel, wat die Here uit Egipte verlos het, as ‘n wingerdstok. Lees verse 13-17. Weereens blyk dit dat die volk teleurgestel het, en daarom het die Here sy tuinmuur afgebreek, die wingerd is kaalgevreet en met vuur verbrand. Lees vers 18-19. Hier is ‘n oproep dat die Here tog Sy hand moet hou oor die Mensekind wat aan Sy regterhand is, en dat die volk deur Hom weer lewend gemaak moet word. Alhoewel hierdie verse in die eerste plek sekerlik na die koning in Jerusalem verwys het, is dit tog ook duidelik dat dit ‘n heenwysing is na die Here Jesus wat moes kom om Sy volk in hulle nood te red.

Ons sien dus herhaaldelik in die Ou Testament dat die volk Israel voorgestel is met die beeld van ‘n wingerdstok. Die volk Israel was dus ‘n druiwestok. Maar hulle het teleurgestel – hulle het nie die regte vrugte opgelewer nie, nee, hulle het wildedruiwe gelewer. Daarom het die Here hulle gestraf, byvoorbeeld met ballingskap. Maar, nou kom die Here Jesus in Joh 15 en sê: “Ek is die <u>ware</u> druiwestok”. Wat ons moet raaksien is dat die fisiese volk Israel in die Ou Testament die tipe was, terwyl die Here Jesus in die Nuwe Testament die antitipe is, waarheen die tipe gewys het. Omdat die Ou Testamentiese volk as druiwestok teleurgestel het, daarom kom die Here Jesus nou as die <u>ware</u> druiwestok met die doel om toe te sien dat die Here God se doel wat nie bereik is met die Ou Testamentiese volk nie, wel bereik sal word. Die Here Jesus is die ware druiwestok, netsoos wat Hy ook die ware Israel is. Die ware druiwestok saam met al die vrugdraende lote is die ware Israel.

<u>Die doel met die druiwestok (Joh 15:8)</u>

In Jes 5 het ons al geleer dat die Here verwag het dat die wingerd druiwe moes voortbring, maar die wingerd het i.p.v. druiwe, wilde druiwe voortgebring. In Eseg 17 het die Here verwag die druiwestok moet ‘n edel druiwestok word, maar dit het eerder sy lote na die arend uitgesteek. In Ps 80 het die wildevarke en die bosvarke die wingerd, en dus ook sy vrugte, opgevreet. Die feit van die saak is dat die wingerd nooit aan sy doel beantwoord het nie: die doel was om vrug op te lewer, maar die wingerd het óf verkeerde vrugte óf geen vrugte opgelewer nie.

Lees Joh 15:2. Dit is duidelik: Die Here God verwag ook steeds van die ware druiwestok saam met sy lote om vrug op te lewer. Lees Joh 15:8. Die rede waarom die wingerdstok baie vrug moet dra, is omrede dit daartoe aanleiding sal gee dat die Vader verheerlik word. Kan ek jou herinner aan Ps 72:19 waar ons lees: “Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word; mag Sy heerlikheid die hele aarde vul. Amen, amen.” Die doel van die begin af, die hoogste doel met die ganse skepping van die begin af, was: Die Here God se Naam moet vir ewig geprys word, en Sy heerlikheid moet die hele aarde vul. Nou: Die manier waarop dit sal realiseer, is deurdat die druiwestok tesame met al die lote baie vrug sal dra. Die Ou Testamentiese volk het nie aan hierdie verwagting voldoen nie. Maar nou

het die ware druiwestok gekom in die Persoon van die Here Jesus. Al die lote wat vanuit Hom groei, moet vrugte dra – baie vrugte. Dan sal die Vader verheerlik word, en dan sal die Here God Sy doel met die ganse skepping bereik.

<u>Die rolspelers in die beeld van die druiwestok (Joh 15:1-2)</u>

Ons weet nou die Here Jesus is die antitipe vir die Ou Testamentiese volk. Ons weet ook die oorhoofse doel is dat die Vader verheerlik moet word deurdat die druiwestok met die lote baie vrug moet oplewer. Maar wie is die rolspelers wat tot hierdie einddoel moet bydra? Lees weer Joh 15:1-2. Ons lees daar is drie rolspelers:

- Die Here Jesus is een van die rolspelers. Hy is die ware druiwestok. Hy is die stam van die druiweplant. As stam gee Hy aan die lote, wat uit Hom groei, die lewensmiddele. Immers is Hy ook die lewe, die bron van lewe. Hy gee lewe aan die lote.
- Die Vader is ook een van die rolspelers. Hy is die landbouer. Hy is die Een wat die wingerd bedink en beplan het. Hy het die wingerd aangelê. Hy is ook die Een wat die Here Jesus gegee het as die stam van die druiwestok. Maar Hy is ook aktief betrokke. Hy werk ook vir Sy eie eer. Hy doen dit deurdat Hy die lote wat vrug dra, skoon snoei, sodat hulle nog meer vrugte dra, en boonop is Hy ook die Een wat die lote wat nie vrug dra nie, wegsny. Die Vader as die Landbouer werk dus aktief mee met die Seun as die druiwestok om toe te sien dat daar vrug gedra word. Hy wil baie vrug sien – sodat Hy verheerlik sal word.
- Die lote is die derde groep rolspelers. Hulle groei vanuit die wingerdstok. Dit is hulle wat moet vrug dra. Hierdie lote is mense. Daar is twee groepe lote of mense: die wat vrug dra, en die wat nie vrug dra nie. Die wat vrug dra, is die gelowiges. Hulle groei vanuit die Here Jesus, en die Vader werk met hulle sodat hulle steeds meer vrugte sal dra. Hulle is nou die ware Israel. Hulle is deel van die Here Jesus, wat die antitipe is van die Ou Testamentiese Israel, wat nie vrug gedra het nie. Die wat nie vrug dra nie, is die ongelowiges. Hulle groei nie vanuit die Here Jesus nie, hulle is dood. Die Vader werk met hulle ook: Hy sny hulle weg.

<u>Hoe die doel met die druiwestok bereik gaan word (Joh 15:2-7)</u>

Die Ou Testamentiese volk het as druiwestok nie die vrug opgelewer wat die Here God van hulle verwag het nie. Dit het die koms van die Here Jesus as die ware druiwestok genoodsaak. Die vraag wat ons vervolgens oor moet besin, is: Hoe gebeur dit dat na die koms van die Here Jesus as die ware druiwestok, die verwagte vrugte wel opgelewer sal word, sodat die einddoel bereik kan word deurdat die Vader verheerlik sal word deur hierdie vrugte? Verse 2-7 help ons om te verstaan hoe dit plaasvind.

'n Belangrike stap is die snywerk van die Vader waarvan ons reeds in vers 2 gelees het. Kom ons besin in bietjie meer detail hieroor:

- Ons begin deur te kyk na die feit dat die lote wat nie vrug dra nie, weggesny word. Die feite dat hierdie lote weggesnoei word, is voordelig in die sin dat daar nou meer plek sal wees aan die druiwestok vir lote wat wel vrugte dra. Maar ons moet tog ook die vraag vra: Wie is hierdie vrugtelose lote? Ons het reeds vroeër gesê hulle is die ongelowiges. Maar let op: Hulle is lote op die druiwestok – vers 2 sê "Elke loot <u>aan My</u> wat nie vrug dra nie, sny Hy weg." Hierdie lote was dus op een of ander manier verbind aan die Here Jesus voordat hulle weggesny is. Dit blyk hulle was aan die Here Jesus, miskien selfs in die Here Jesus, hulle het ook van die lewensmiddele ontvang, maar hulle het nie vrug opgelewer nie, en daarom sny die Vader hulle weg. So, watter mense is hierdie vrugtelose lote? Is dit dalk 'n verwysing na die Ou Testamentiese Israel wat nie die vrug opgelewer het wat die Vader van hulle verwag

het nie? Waarskynlik nie. Immers het die Ou Testamentiese Israel nie die Here Jesus geken nie, want Hy het nog nie op daardie stadium gekom as die ware druiwestok nie. Wel, wie is hierdie lote dan? Lees Joh 6:37-40. Hierdie verse kompliseer die saak nog verder: Immers is die boodskap tog duidelik: Die Here Jesus sal niemand wat na Hom toe kom verstoot nie, Hy sal nie een verlore laat gaan nie, elkeen van hulle sal op die laaste dag opstaan. Volgens Joh 10:28, sal niemand hulle uit die Here Jesus se hand ruk nie. Wel, hierdie vrugtelose lote was deel van die ware druiwestok, en tog word hulle weggesny deur die Vader. Hoe rym dit?

Kom ons kyk na ‘n paar voorbeelde van sulke mense wat weggesny word:

- Judas Iskariot is ‘n goeie voorbeeld. Vir drie jaar was hy in die geselskap van die Here Jesus, hy het gehoor wat die Here Jesus geleer het, hy het gesien wat die Here Jesus gedoen het, hy was nou verbonde met die ander dissipels – maar hy het nie vrug opgelewer nie – en is weggesny.
- Of dink aan die gelykenis van die saaier (Mat 13:19-23). Dink veral aan die saad wat tussen die klippe geval het – hierdie mense het die woord gehoor, dit met vreugde ontvang, maar dit het nie wortel geskiet nie, en toe verdrukking kom, het hulle gestruikel. Of dink aan die saad tussen die dorings – hierdie mense het die woord gehoor, maar die bekommernisse van hierdie wêreld en die verleiding van rykdom het die woord verstik, en hulle het nooit vrug opgelewer nie. Hulle is dooie takke wat van die Here Jesus gehoor en geweet het, maar nie vrug opgelewer het nie – en is weggesny.
- Of dink aan Heb 6:4-6, waar ons lees dit is onmoontlik om mense wat eenmaal verlig is, wat die hemelse gawe gesmaak het, wat deel gekry het aan die Heilige Gees, wat die goeie woord van God gesmaak het, en wat ook die kragte van die komende bedeling ervaar het, weer opnuut tot bekering te bring nadat hulle afvallig geword het. (Ons kan dit nie nou in detail bespreek nie, maar op my webbladsy is daar ‘n preek oor Heb 6 wat dit in detail bespreek). Hierdie mense het almal dinge beleef wat tipies deur gelowiges beleef word, maar hulle het nie vrug opgelewer nie – en is weggesny.

Die punt is: Hierdie vrugtelose lote, verteenwoordig mense wat naby aan die gelowiges leef. Hulle lyk selfs soos gelowiges. Maar hulle neem nooit werklik die lewensmiddele wat die Here Jesus voorsien, in nie. Hulle erken Hom nie as die ware druiwestok nie. Gevolglik dra hulle nie vrug nie. Ja, hulle kan selfs dade pleeg wat soos vrugte lyk, maar dit is koud en kom nie uit ‘n hart wat lief is vir die Here Jesus nie. Dit is hulle wat die Vader wegsny, want hulle is dood, en lewer nie ware vrug nie.

- Daarteenoor is daar ook die vrugdraende lote – hulle is die gelowiges. Alhoewel hulle reeds vrug dra, is die Vader steeds besig om met hulle te werk. Hy wil dat hulle steeds meer vrug sal dra, en daarom snoei Hy hulle skoon. Hierdie snoeiwerk kan pynvol wees – maar dit het ‘n positiewe doel: meer vrug, en daarom meer verheerliking van die Vader. Dit is waarvan Heb 12:5-6 en 11 praat: “My seun, moenie die dissiplinering van die Here geringskat nie, en moenie moedeloos word wanneer jy deur Hom bestraf word nie; want die een vir wie die Here liefhet, tug Hy, en Hy straf elke seun wat Hy aanneem” en “Op die oomblik lyk elke tugtiging wel nie of dit blydskap bring nie, maar droefheid. Later lewer dit egter ‘n vredevolle vrug op vir hulle wat daardeur ingeoefen is: ‘n vrug van geregtigheid.” En dit is juis die doel: Vrugte van geregtigheid tot verheerliking van die Vader.

Vers 2 leer ons dus dat die Vader se wegsny-werk verdere groeiplek vir die gelowiges bewerk, en Sy snoeiwerk bewerk meer vrug in die gelowiges. Kom ons beweeg aan na vers 3: Lees dit. Hierdie vers leer vir ons dat die dissipels daar in die bovertrek reeds skoon gesnoei was – hulle was dus mense wat reeds vrug gedra het, al was dit nog nie voldoende nie. Laasweek het ons gesien hoe gebrekkig hulle insig steeds was en hoe hulle selfs die werk van die Here Jesus teengestaan het – daar was dus steeds verdere snoeiwerk nodig. Maar hulle was reeds skoon gesnoei en hulle het reeds gegroei vanuit die ware druiwestok. Maar let op hoe hulle deel geword het van die ware druiwestok: Dit was deur die woorde wat die Here Jesus geleer het. Die woorde van die Here Jesus het lewe in hulle wakker gemaak. Dit is belangrik om te onthou: Vrugdraende takke spruit uit die ware druiwestok deurdat hulle die woorde van die Here Jesus hoor, en dit glo. Dink aan Rom 10:14-15 wat leer dat geloof in die Here Jesus juis kom deur die verkondiging van die evangeliewoord.

Ons weet nou hoe 'n vrugdraende loot uitspruit. Ons weet ook dat vrugdraende lote kan verwag om nog verder gesnoei te word om nog meer vrug op te lewer. Maar daar is nog 'n belangrike stap wat sal bydra dat hulle die verlangde vrugte oplewer: Lees verse 5-6. Vrugdraende lote moet in die Here Jesus bly, soos wat Hy in hulle bly. Soos wat 'n loot lewensmiddele van die druiwestok moet kry om vrug te kan oplewer, so moet gelowiges in die Here Jesus bly om vrug te kan oplewer. Dit is natuurlik in lyn met wat ons al vantevore in Joh 14:20 gelees het: Die dissipels (en dus die gelowiges) is in die Here Jesus, en die Here Jesus in die dissipels. Gelowiges moet in die Here Jesus bly. Maar wat beteken dit om in die Here Jesus te bly? Don Carson skryf: Dit beteken dat jy as gelowige in volgehoue afhanklikheid van die Here Jesus moet leef, dit beteken dat jy volgehoue vertroue in Hom moet hê, dit beteken dat jy sal volhou om Hom geestelik in te neem – soos wat die vrugdraende lote die lewensmiddele van die druiwestok inneem. Ja, kan jy nou sê, dit is alles goed en wel – maar hoe doen ek dit? Onthou die volgende: Dit was die Here Jesus se woorde wat die vrugdraende lote reeds skoon gemaak het. Immers is die Here Jesus die Woord. As die Here Jesus in jou as 'n gelowige bly, en jy bly in die Here Jesus, beteken dit die Woord moet in jou bly, en jy moet in die Woord bly. Jy sal jou moet verdiep in die Woord, tot so 'n mate dat die Woord ook in jou bly. Ja, die Heilige Gees moet jou hierin help – maar onthou wat ons laasweek gesien het: Die Heilige Gees herinner en onderrig ons juis in die Woorde van die Here Jesus. Ons kan dit nie oorbeklemtoon nie: Bestudering van die Woord is 'n onontbeerlike deel daarvan om in die Here Jesus te bly, en Hy in jou. Hy en die Heilige Gees werk juis deur die Woord.

Kom ons kyk ook nog na die resultaat wanneer iemand nie in die Here Jesus bly nie, en ook na die resultaat as iemand wel in die Here Jesus bly:

- Ons kyk eers na die resultaat as iemand nie in die Here Jesus bly nie: Lees vers 6. So 'n persoon word soos 'n dooie, verdroogde loot afgesny, bymekaar gemaak en in die vuur gegooi om verbrand te word. Hierdie is die lot van Judas Iskariot, en die mense by wie die saad van die Woord tussen die klippe en die dorings geval het, en die mense in Heb 6 wat al daardie groot geleenthede gehad het om die goedheid van gemeenskap met die Here te beleef, maar dit tog nie ingeneem het as 'n lewensmiddel nie – hulle einde is die ewige oordeel in die poel van vuur.
- Daarteenoor, is die resultaat vir iemand wat wel in die Here Jesus bly heeltemal anders: Lees vers 7. So 'n persoon wat in die Here Jesus bly, en wat die Woord bestudeer sodat die Woord ook in hom bly, hy kan vra wat hy wil, en dit sal vir hom gegee word. Dit strook natuurlik met Joh 14:13-14 waar ons gelees het hulle kan enigiets in die Naam van die Here Jesus vra, en Hy sal dit doen. Onthou egter: Toe ons na daardie gedeelte gekyk het, het ons gesê daar is drie kwalifikasies wat ons nie moet mis kyk nie: (1) Dit is net gelowiges wat enigiets mag vra, (2) hulle mag net vra wat in lyn met die wil van die Seun en die Vader is, en

(3) hulle mag net vra wat sal bydra tot die verheerliking van die Vader. Wel, hierdie drie kwalifikasies is steeds van krag: Dit is steeds net die vrugdraende lote wat so mag vra. As die woorde van die Here Jesus werklik in hulle bly, sal hulle tog ook net vra wat Hy wil. Lees vers 8. Hierdie vrugdraende lote wat gevul is met die Woord, sal tog ook verstaan dat hulle vrugte juis ten doel het om die Vader te verheerlik. Dan sal dit tog ook juis so in hulle gebede na vore kom.

Samevatting

Die Here Jesus is die ware druiwestok. Hy, saam met die vrugdraende lote wat in Hom is, is die antitipe van die Ou Testamentiese Israel. Die Here Jesus as die ware druiwestok, voorsien aan die vrugdraende lote die lewensmiddele wat hulle nodig het om vrug te dra. Hierdie lewensmiddele sluit Sy woorde in. Die vrugdraende lote bestudeer Sy Woord – hulle bly in die Woord, en die Woord bly in hulle. Die Heilige Gees help hulle hierin deur hulle in Sy Woord te onderrig. Sodoende bly die Here Jesus in hulle, en hulle in Hom. Sodoende dra hulle al meer vrug. Gevolglik kan hulle van die Here enigiets vra om nog meer vrug te dra. Intussen snoei die Vader hulle ook soos wat dit nodig is – en so dra hulle steeds meer vrug. En dit alles dra by daartoe dat die Vader verheerlik word – wat die oorhoofse doel met die ganse skepping is.

Toepassing

Ek wil graag die volgende toepassing maak:

Daar is net twee groepe mense: gelowiges en ongelowiges. Alhoewel ons nie instaat is om akkuraat te kan onderskei of iemand 'n gelowige of ongelowige is nie, is dit nuttig om te onthou wat die onderskeidende eienskappe van 'n gelowige en 'n ongelowige is, en ook wat dit nie is nie: Iemand is nie noodwendig 'n gelowige net omdat hy blootstelling aan die verkondiging van die Woord het nie, selfs nie al het hy gereelde blootstelling aan die verkondiging van die Woord nie, selfs nie al het hy gereelde blootstelling aan heerlike Skrifgetroue prediking nie. Iemand is nie noodwendig 'n gelowige net omdat hy opgewonde reageer op die Woordverkondiging nie. Iemand is nie noodwendig 'n gelowige net omdat hy deel is van 'n gemeente nie, selfs nie as hy deel is van 'n Skrifgetroue en lewende en behoudende gemeente nie, selfs nie al is hy 'n aktiewe lidmaat van so 'n gemeente nie. Iemand is selfs nie noodwendig 'n gelowige net omdat hy so sê nie. Hy is ook nie noodwendig 'n gelowige net omdat hy sekere dinge doen wat tipies is van dinge wat gelowiges doen nie. Iemand is heelwaarskynlik nie 'n gelowige as hy hom nooit in die Woord verdiep nie. Iemand is nie 'n ware gelowige nie as hy nie in die Here Jesus glo nie.

Iemand is wel 'n gelowige as hy vrugte dra. Dit beteken nie hy hoef al die vrugte wat die Here Jesus en die Vader verlang, alreeds te vertoon nie. Dit beteken ook nie dat sy vrugte volmaak hoef te wees nie. Maar daar moet vrugte wees wat in terme van inhoud en gesindheid waarmee dit gedoen word, getuig dat dit in lyn met die Here Jesus en die Vader se wil is, vrugte wat gedoen is met die doel om daardeur die Vader te verheerlik, selfs al is dit gebrekkig. En daar moet ook tekens wees dat hierdie vrugte toeneem in kwaliteit en ook kwantiteit met verloop van tyd – immers snoei die Vader vrugdraende takke om nog meer vrug te vertoon. Natuurlik word niemand gered omdat hy sulke vrugte vertoon nie. Maar die vrugte getuig of die Here Jesus en die Heilige Gees in die persoon is. As Hulle in die persoon is, sal hy vrugte toon, en die vrugte sal toeneem.

Dit is vir ons nie altyd moontlik om die vrugte in ander mense se lewens te beoordeel nie. Maar as ons bekommerd is oor wat ons sien, behoort ons hulle in nederigheid te vra om hulleself te ondersoek. Ons kan, en moet, egter wel ons eie vrugte ondersoek en beoordeel: Dra onsself vrugte wat bydra tot die verheerliking van die Vader, en word die vrugte steeds meer, of nie?